Psalm 15 : Wie het die reg om in die tempel te kom?

'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: GG Cillié 2001 (postuum)

Refrein



Voorg: Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here?
Wie mag op u heilige berg vertoef?
Mans: Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is,
Vroue: wat met sy hele hart die waarheid praat,
Mans: nie kwaad praat nie,
Vroue: sy medemens nie kwaad aandoen nie en niemand beledig nie;
Mans: hy wat dié verag wat deur God verwerp is,
Vroue: maar almal eer wat die Here dien;
Mans: wat sy woord hou, selfs tot sy eie skade,
Vroue: sy geld nie op rente uitleen nie
Mans: en hom nie laat omkoop om die onskuldige te kort te doen nie.
Refrein: Ons het die reg om toegang, Heer, te vra.
Voorg: Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie.
Refrein: Ons het die reg om toegang, Heer, te vra.